Rut en die Krag van haar storie

4 Augustus 2024
Dr. Tiesie de Coning
info@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Die ou Testamentiese verhale laat ‘n mens verwonderd staan oor wie God is en hoe Hy Hom openbaar maak aan Sy kinders deur met Sy volk te wandel en die Rut verhaal is ‘n verhaal wat ‘n mens net weer laat besef hoe groot God is en hoe Hy in Sy alwysheid mense se kleiner verhale inweef in die groter verhale en plan wat Hy met die wêreld het.

Rut se verhaal is een van verlies en verlange van stukkende bitter mense oor die broosheid van die lewe binne in die seerkry van mense voorsien God en God pak dikwels Sy voorsiening in menslike verlies daarom bring die Rut verhaal die troos dat ons nie hoef vas te kyk in sogenaamde aardse verliese nie en dat God self duskant die dood en ons verdriet kan voorsien soos wat Hy ook gedoen het in hierdie verhaal.

Dat God selfs kan duskant die dood en ons verdriet kan voorsien soos ons sien in die verhaal en bewys word dat God is inderdaad Koning soos die verhaal uitspeel. Hy werk soms agter die skerms en in die skadu maar ons het ‘n Ewige Verlosser en dit laat ons in verwondering staan.

Gesels saam

Verwys na die betekenis van name:
Elimelek beteken God is Koning;
Rut beteken verkwikking;
Naomi beteken lieflik sy noem haarself
Mara wat bitter beteken;
Orpa beteken weerbarstig.

1. Bespreek die fynbeplande werk agter die skerms van die Heilige God in Sy pad met mense soos wat die Rut-verhaal dit uitwys?
2. Bespreek hoe God, ten spyte van mense, doen wat Hy wil doen hoe perfek Hy die groter plan orkestreer.
3. Bespreek mense se vertrouens-keuses en die verreikende gevolge daarvan (Rut se vertrouens-keuse wat uitloop op God se voorsiening)?
4. Watter verwagting van God se werk in jou lewe skep die Rut verhaal in jou binneste?

Lees saam: Rut 1 - 4

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. ‘n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

- Bid vir ‘n nuwe verbintenis soos Abraham van ouds en Rut gemaak het aan God
- Bid vir God se Vaderliefde in mense se lewens waar Hy agter die skerms werk
- Bid vir mense wat soms voel dat God ver is dat hulle Hom sal beleef dat Hy tasbaar naby is
- Dank Here dat ons in verwondering kan staan omdat ons weet ons Verlosser leef en dat Hy uiteindelik weer sal triomfeer

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum wholeness@moreleta.co.za 012 997 8035